

'n Ongebluste vlam - Die eksegeese van 'n vriendskap

L Spies
(US)

ABSTRACT

An eternal flame: Exegesis of a friendship

*In 1983 I was nominated as poet by the Synod of the Dutch Reformed Church to the commission for reworking the Biblical psalms to singable church hymns. The exegetist with whom I was to work, was Professor Willem Prinsloo of the theological faculty of the Dutch Reformed Church at the University of Pretoria. In this article I wish to commemorate our co-operation, especially on Psalm 42, and our friendship. I got to know him as a brilliant scholar of the Old Testament, who could bring to light the Hebrew poem that every psalm essentially was, revitalising its significance to let it come fully into its own. He was a kinder spirit and a loyal friend to me. His tragic death, which I here attempt to comprehend in the light of the Bible and Alvarez's *The Savage God*, detract nothing from the meaningfulness of his life and career.*

Wanneer het ek Willem Prinsloo ontmoet? Dit moes êrens na aan die einde van 1983 gewees het. Kort vantevore het ek 'n brief ontvang wat my uiterste verbasing gaande gemaak het. Ek is daarin meegedeel dat ek deur die Sinode van die Ned Geref Kerk benoem is op die "kommissie vir die beryming van die psalms in die hoedanigheid van digter". Langsaamaan het 'n lig deur my verbystering gebreek: die Ned Geref Kerk beoog 'n nuwe psalmberyming (later is op die veel beter en sprekender benaming "herdigting" of "omdigting" besluit) en ek word gevra om daaraan mee te werk.

My eerste gewaarwording was: Hoe op aarde sal ek 'n psalm kan berym? Tot op dié tydstip het ek hoofsaaklik die vrye vers beoefen en één ding het ek besef: die omskepping van die Bybelse psalm tot singbare kerklied sal hoë eise aan 'n digter se vormvermoëns stel. Ek het getwyfel of ek oor dié vermoëns beskik.

Die eksegeet aan wie ek toegesê is om mee saam te werk, was professor Willem Prinsloo, Ou-Testamentikus aan die Ned Geref Kerkafdeling van die Universiteit van Pretoria se fakulteit Teologie. Hy het gebel en 'n afspraak gemaak en die dag toe ek na sy kantoor toe is om dié afspraak na te kom, moes ek hom vir die eerste keer ontmoet het. Maar in

my herinneringe aan Willem het ons eerste kennismaking volkome vervaag, waarskynlik omdat ons vriendskap deur die jare heen 'n kwaliteit van tydloosheid ontwikkel het. Soos in elke ware vriendskap wat geesverwantskap as grondslag het, voel dit vir my of ons mekaar maar van altyd af geken het.

By daardie eerste ontmoeting - en dit onthou ek glashelder - het ek ervaar hoe 'n psalm waarmee jy 'n leeftyd lank vertrou is, meteens nuwe betekenis kry omdat 'n vakman wat Hebreeus deur en deur ken, dit vir jou oopgemaak het. Om Willem as eksegeet te hoor optree het, was 'n vertoning om nooit te vergeet nie. Nogtans kon ek, diep onder die indruk van sy eksegeese van Psalm 1, nie veel met die teks uitrig nie.

My powere poginkie en my twyfel oor my vermoë om 'n psalm te herdig, het swaar op my gewete gerus toe ek in Mei 1984 saam met ander lede van die Psalmkommissie op die kerk se koste uit Pretoria per vliegtuig afgereis het Kaap toe. Maar ek was 'n ontwortelde in Pretoria en my hart was in die Boland waar die jaar "ryp geword het in goue akkerblare". Op dié tydstop het ek myself afgevra of ek as Oud-Matie wat tien jaar dosent was aan my *alma mater*, nie die grootste fout van my lewe gemaak het om 'n pos aan die Universiteit van Pretoria te aanvaar nie.

In stralende Kaapse herfsweer het ons in die Sinodale Sentrum van die Ned Geref Kerk vergader en daar tussen die formidabele hooggeleerde here teoloë het iets wonderliks met my gebeur. Professor Albertus van Zyl het voorgestel dat as 'n oefenlopie Psalm 42 aan die digters gegee moet word om te sien wat hulle met so 'n geliefde psalm kan doen. Dit was fassinerend om die aanwesige Ou-Testamentici oor Psalm 42 te hoor praat en daar en dan het ek gewet: Dié psalm sal ek kan herdig!

Terug in Pretoria is ek vol geesdrif na Willem toe. Hy het Psalm 42 soos 'n goeie gedig vir my ontleed of eerder: hy het Psalm 42 as die aangrypende gedig wat dit wesenlik is deur sy interpretasie volkome tot sy reg laat kom. En tussen ons was daar meteens die gelykgestemdheid wat ontstaan tussen mense met 'n gesamentlike passie. Ek het met hartstogtelike toewyding aan Psalm 42 gewerk, voortgestu deur Willem se eksegeese en die bekende en geliefde melodie wat vir my 'n belangrike impuls geword het.

Om seker te maak van die singbaarheid van my omdigting het ek dit vir Johan de Villiers, dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor, gestuur om dit by 'n oefening uit te toets. My teks het Johan aangegryp en hy het besluit om dit by sy afskeidskonsert as dirigent van die koor aan die einde van daardie jaar uit te voer. So het Psalm 42 vir my 'n bevestiging geword van my onverbreekbare band met Stellenbosch en terselfdertyd het dit vir my my tuiskoms in Pretoria verteenwoordig.

By hierdie tuiskoms was Willem en ook Avrille intiem betrokke. Een oggend by hulle aan huis het ek as 't ware my Vrystaatse wortels herontdek (Ek sê graag dat ek 'n gebore Vrystater en 'n getoë Kapenaar is). Dié oggend was Willem se ouers ook daar en meteens het 'n venster op die landskap van my jeug oopgegaan: die groen heuweland van die Noord-Vrystaat. Uit my kinderjare was die name "Riempies" en "Ita" huishoudelike begrippe, so dikwels het ek dit by my oupa en ouma gehoor. En daar word dié name toe weer na minstens dertig jaar vir my mense. My ouma en oupa De Jager het op Leeukop in die Vrede-distrik geboer en die veel jongere Riempies en Ita Prinsloo op Arendela. Leeukop was my kinderparadys en tannie Ita het heerlike herinneringe by my wakkermaak deur van my geliefde ouma wie se naamgenoot ek is, te vertel, onder andere hoe tant Lina hulle jong boervrouens laat bontstaan het op kerkbasaars.

"'n Naam is 'n mens", het die Nederlandse digter Martinus Nijhoff tereg gesê. Ek het Willem nooit aangespreek op die bynaam wat hy van sy pa geërf het nie, maar ek het die naam graag gehoor as 'n weerklank uit my kinderjare en ek het dit wel teenoor sy boesemvriend en kollega Cas Vos gebruik: dit het gehoor by die kameraderie wat daar tussen ons drie bestaan het.

Elkeen van ons het 'n ander rugbyspan ondersteun: Willem Noord-Transvaal, Cas Natal en ek die Westelike Provinsie. Ons het voortdurend met mekaar gekorswil oor ons spanne: gespog, verdedig, by 'n neerlaag meer of minder grootmoedig toegegee dat die "beste span" gewen het, maar altyd met "ligte liggende erns" soos Van Wyk Louw humor so raak omskryf het.

Ons was 'n vrolike trio op die Psalmkommissie-vergaderings: Willem, Cas en ek. By al die erns waarmee ons die werk aan die psalms benader het, was daar altyd iets om oor te lag. Die voorsitter het dikwels vraend opgekyk as daar meteens uitbundige gelag uit ons hoek opgeklink het. Deur dié vergaderings het die band tussen ons heg gebly toe ek in 1987 terug is Stellenbosch toe as professor.

In die wedstryd teen die Blou Bulle op Saterdag, 4 Oktober 1997, het die Streeptruie as oorwinnaars uit die stryd getree. Met heimlike plesier het ek my by voorbaat verkneuter aan wat Willem daarvoor sou sê. Maar hy sou niks sê nie. Ek ook nie. Op Sondagoggend, die 5de Oktober, het hy uitgestap uit hierdie lewe waarvoor hy nie langer kans gesien het nie.

Hoe oorleef 'n mens die oomblikke waarin die nuus van 'n geliefde se dood aan jou meegedeel word; oomblikke waarin jy tegelykertyd vries

en verlam? Niemand kan, glo ek, Emily Dickinson se verwoording daarvan oortref nie: “First - Chill - then Stupor - then the letting go -” En waar begin jou verwerking van verdriet? Vir my by die uittrek van Emily Dickinson se *Collected poems* uit my boekrak? Maar Olga Kirsch sê:

Gedigte kan nie vergoed, is nie tot troos.
Hul geil gebied is klein,
die heining broos.
Rondom hom knaag en knetter die woestyn.

Tog het Henriëtte Deist nog uit Heidelberg in Duitsland pas na Ferdinand se dood op 12 Julie 1997 deur sy kollega Paul Kruger vir my laat weet: “Soek vir my ’n gedig wat my gevoelens sal vertolk”.

Die dag met Ferdinand se begrafnis het die keerwal van my selfbeheersing gebreek toe ek my na die roudiens in Willem vasloop. Later het ek vir myself rekenskap gegee van wat met my gebeur het toe hy uit ’n ander rigting op pad na die deur meteens in die kerkpaadjie langs my staan en ek my trane nie kon bedwing nie. Willem het my herinner aan wat ek in Ferdinand verloor het: Elkeen was ’n vriend en ’n geesgenoot by uitnemendheid. Toe ons saam by die oop graf van ons vriend Ferdinand gestaan het, kon ek egter vir geen oomblik vermoed dat die aarde hom ook ’n bietjie meer as twee maande later sou ontvang nie.

Al is die heinings broos wat gedigte oprig tussen hulle vrugbare klein gebied en die woestyn, is hulle tog tot troos, al kan hulle nie - daarin het Olga Kirsch gelyk - vergoed vir wat ’n mens in die lewe verloor en ontbeer nie. ’n Vers van Emily Dickinson het my vir die eerste keer iets soos berusting laat vind oor die wyse waarop Willem gesterf het:

Pass to thy Rendevous of Light,
Pangless except for us
Who slowly ford the Mystery
Which thou has leaped across!

Die woord “pass” impliseer ’n versoek, ’n loslaat van die gestorwene om na sy Samekoms van Lig te vertrek. Maar ’n mens kan nie loslaat en berus as jy nie ook protesteer nie. Ek het die Emily Dickinson-kwatryn vertaal, maar ek het deur die woord, wat my gegun is veral uitdrukking gegee aan die opstandigheid en verset wat my gedagte- en gevoelslewe oorheers het.

Elke vesel in my het geprotesteer teen dit wat aanleiding gegee het tot Willem se dood: ’n Onbesonne boodskap op ’n flenter papier het magte

ontketen soortgelyk aan wat Van Wyk Louw se “klein klein beiteljtjie” veroorsaak het, net in geval van die vodjie papier, was aan die gevolge, anders as in Louw se gedig, geen verwondering verbonde nie, net verskrikking. Die “sagte aarde” het “geskeur” om ’n mens te ontvang wat na sy dood gedryf is.

Gedurende Jesus se aardse omwandeling het Hy dislojaliteit, hardvogtigheid en selfgeregtigheid meedoënloos veroordeel en deernis en verdraagsaamheid getoon teenoor diegene wat die Skrifgeleerdes wou stenig. Willem is dood onder andere omdat Jesus se voorbeeld weereens te moeilik was om na te volg. Dit was makliker om klippe op te tel.

Maar soos die dood van Saul op die berge van Gilboa nie eerloos was nie, so ook nie die dood van Willem nie. In die een-en-dertigste hoofstuk van die eerste boek van Samuel lees ons dat Saul vir sy wapendraer gesê het: “Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en dryf die spot met my”. Toe sy wapendraer weier, het hy self in sy swaard geval om eerbaar te kan sterf en nie ’n voorwerp van spot vir die Filistyne te word nie.

Om misleidende benamings aan ’n dood deur eie hand te gee, is om dit van sy betekenis te ontnem, sê die Amerikaanse literator en kritikus, A Alvarez, in sy *The savage god: a study of suicide*: “For suicide is, after all, the result of a choice. However impulsive the action and confused the motives, at the moment when a man finally decides to take his own life he achieves a certain temporary clarity”. En voeg Alvarez by: “Some kind of minimal freedom - the freedom to die in one’s own way and one’s own time - has been salvaged from the wreck of all those unwanted necessities”.

Alvarez se boek het vir my die bevrydende insig gebring dat Willem in laaste instansie nie onder druk van “malicious necessities” ’n einde aan sy lewe gemaak het nie, maar dat hy gekies het om te sterf. Sy dood was nie vir hom sinloos nie, maar betekenisvol. Ek het langsaamaan begryp dat op ons wat hy agtergelaat het, die verantwoordelikheid rus om op ons beurt sin te gee aan sy dood.

Dit het ek gedoen deur die band met tannie Ita en Avrille hegter te knoop. Om my aan tannie Ita verbonde te voel, is om my verbonde te voel aan Riempies, haar seun, en aan die wonderwêreld van my kindertyd. In die verinning en verdieping van my vriendskap met Avrille vind ek ’n bron van groot vreugde en vervulling. Ek het altyd van haar gehou, maar nou het ek haar in eie reg leer ken en liefgekry. Deurdadig sy my die briewe laat lees het wat sy ontvang het rondom Willem se dood, het ek hom ook beter leer ken: vir die eerste keer het ek besef dat hy nie net ’n begaafde

vakman was nie, maar 'n geleerde van wêreldformaat. Sy nalatenskap is sy werk aan die psalms, nie 'n flenter papier nie.

Avrille het aan Wim Beuken, voormalige hoogleraar in Ou-Testament aan die Katholieke Universiteit van Leuven, my gedig "Protes" gestuur. Onderaan sy brief aan haar van 14 Desember 1997 lui sy naskrif met verwysing na hierdie gedig: "Ook het gedicht van Lina Spies drukt uit wat wij allemaal ervaren". So 'n spontane opmerking direk uit die hart gegryp, beteken meer as die gloeiendste resensie. Daarby kom nog my liefde vir die Nederlandse taal waarin Wim Beuken sy waardering verwoord het.

Ek het gehoor gegee aan 'n dringende behoefte om aan hom te skryf. Later het ek my bundel *Die skaduwee van die son* waarin die gedigte oor Ferdinand en Willem opgeneem is, aan hom gestuur. Ook só wou ek sin gee aan Willem se dood: deur vriendskap te sluit met 'n vriend van hom aan wie ek my meteens verbonde gevoel het deur geesverwantskap en verdriet. Dit is die musikus Gerrit Olivier wat my gebel het met die nuus van Willem se dood. Hy het my op die eerste Psalmkommissievergadering sonder Willem waartydens ons pynlik bewus was van sy afwesigheid, verseker dat dit nie tevergeefs is as mense saam treur nie: "As ons saam treur, bedien ons aan mekaar die evangelie".

In 'n brief aan my van 14 Oktober vanjaar sit Wim Beuken ons gesprek voort en bevestig hy wat Gerrit gesê het:

"Uw gedichten over de tragische dood van Riempjes hebben mij geholpen mijn verbijstering en mijn woede te uiten en te verwerken. U hebt zich heel diep ingeleefd in hoe Willems laatste uren zijn verlopen. Bijna stap voor stap hebt u hem gevolgd... Wanneer ik aan de hand van uw gedichten het heengaan van Willem weer doorleef, sluit ik mij aan bij uw protest en vind ik berusting in het feit dat iemand mijn gevoelens deelt: de onmacht en de angst voor 's mensen diepste geesteskrachten, maar ook de zekerheid dat dit ene, laatste uur de waarde van dit leven niet teniet doet".

Op die Saterdag wat die skielike dood van Ferdinand Deist voorafgegaan het, was my leesstof Hennie Aucamp se gepubliseerde dagboek, *Allersiele*. Sy inskrywing onder 5 September 1995 het my diep aangegryp. Na sy saaklike konstatering van 'n vriend van hom se dood vervolg hy:

"Met elke dood van 'n vriend word daar aan die soom van jou kleed geraak en vloei daar van jou energie weg om nooit weer terug te keer nie, veral as dié vriende jou ook opreg gerespekteer het... Want wat jou in stand hou terwyl jy nog asem in jou liggaam het, is die vriendskap en respek van enkele mense".

Die daaropvolgende Sondag het ek na die aanhoor van die berig oor Ferdinand se onverwagse dood in die eenuurnuusbulletin en na die aanvanklike verdwasing, onthou wat ek skaars vier-en-twintig uur vantevore in Hennie Aucamp se dagboek gelees het. En ek het gedink: "Eers teorie, dan bloedende praktyk". Net 'n bietjie meer as twee maande later, op 5 Oktober 1997, het Willem gesterf en is Aucamp se dagboek-inskrywing 'n tweede keer vir my bevestig en nog vyf maande en enkele weke later 'n derde keer met die dood van Hannes Olivier op 25 Maart 1998 na 'n heroïese stryd teen kanker. Oor hom sê Wim Beuken in sy brief aan my: "Wanneer ik ooit mijn eigen dood onder ogen moet zien, hoop ik het even sjiek te doen als hij".

Dis seker nie vreemd dat ek in elkeen van die drie mense, Willem, Ferdinand en Hannes, 'n vriend en 'n geesverwant gevind het nie, want wat ons ten diepste aan mekaar verbind het, was die liefde vir die Woord en die woord. Kierkegaard het immers gesê dat daar 'n dun membraan tussen die religieuse en die estetiese is. En D H Lawrence kon niks anders doen nie as om hom te onderwerp aan die vreemde kreatiewe krag waaruit hy geskep het en daarvoor het hy gesê:

"I often think one ought to be able to pray before one works - and then leave it to the Lord. Isn't it hard work to come to real grips with one's imagination - throw everything overboard. I always feel as though I stood naked for the fire of Almighty God to go through me - and it's rather an awful feeling. One has to be so terribly religious to be an artist".

In die sin wat Lawrence dit bedoel, is elke kunstenaar inderdaad religieus en in die sin wat Willem en Ferdinand en Hannes religieus was, was hulle seer seker ook kunstenaars.

Drie Ou-Testamentici, drie vriende met wie ek bevoorreg was om saam te werk aan enkele psalms, is in hulle vroegvyftigerjare binne die verloop van 'n skamele agt maande dood. Hulle lewensdraad is afgesny toe hulle vermoëns tot volle verwesenliking gekom het en hulle kreatiwiteit op sy sterkste was. Die kruik het stukkend geval by die fontein toe hulle nog behae gehad het in die lewe, ja ook Willem, niesteenstaande sy keuse. Sou Sokrates nie liever as om die gifbeker te drink nog sy dialoë op die markplein wou gevoer het nie?

In sy aangrypende klaaglied oor die sieraad van Israel wat op die hoogtes verslaan is - op die berge van Gilboa waarop hy geen dou en geen reën meer wou sien val nie - sê Dawid: "Saul en Jónatan, die bemindes en lieflikes, is in hulle lewe en dood nie geskei nie". So ook nie Willem en Ferdinand en Hannes nie.

Die sieraad van die Christelike kerk in Suid-Afrika het verlore gegaan diep in die geveg tussen lewe en dood... en daar is aan die soom

van my kleed geraak en van my energie het weggevloei om nooit weer terug te keer nie.

Protes

Ferdinand Etienne Deist 9.8.1944 - 12.7.97

Willem Sterrenberg Prinsloo 19.8.1944 - 5.10.97

Hoe vul U, o Here,
weer my leeggeroofde stoor?
Tweemaal in twee maande
het ek 'n vriend verloor.

Tweemaal in twee maande
het engele neergedaal
om twee wat profete was en prinse
van ons weg te haal.

Tweemaal in twee maande
het ek in bittere rou
na U, Here in die hemel,
my hande opgehou.

Hoor dan as ek U aanroep,
Vader, Rower en Bankier!
Kyk, die trane van 'n arme
drup op die snare van haar lier.

Aanklag

Willem Sterrenberg Prinsloo 5.10.97

Hoe donker en hoe diep die dal
van koolmonoksied
waar oor jou die dood se skadu val
en geen herder lei na groen weiland en stil water?

Die Skrifgeleerdes het vergader,
die Sanhedrin het gesit:
hoe onderskei jy

behalwe vir een enkele vokaal
en 'n simpele konsonant
tussen “kuratorium” en “krematorium”?

Hy het u Woord bemin,
hom verdiep in die psalms,
waarom moes hy weens skindertonge
- met snakkende longe -
stikkend sterwe in gifwalms?

Hoe is u vriendelike gelaat
- die Lig wat skyn deur aardse duisternis -
in die aansyn van u kerk,
o God, dan so verwronge?

Berusting
na Emily Dickinson

Gaan na jou Samekoms van Lig
sonder 'n skryn - behalwe oor ons
wat moeisam moet deurgrond die Geheimenis
waaroor jy heen kon glip!